
# OPSAAL

*Ons is Mondig!!!!*




# Ons gaan Fees toe

*November 2007*

# OPSAAL

Jaarblad van die Berg en Dal Voetslaanklub

Oktober 2007

Inhoud


3 Dankie
5 Stap na die hel
9 B & D word mondig
13 Die hoendersaga
17 Natures Valley
21 Tierkop
23 Lenie
4 Die Totstandkoming van Berg en Dal
8 Louterwater
10 Wildekus
15 Ons stap in die vreemde
19 Die ontstaan van dinsdag stappe
22 Jongensfontein
24 My Droom


## VAN DIE VOORSITTER 2007

7'n Kort terugblik oor die gebeure die afgelope jaar.
Ons verwelkom Eddie Ching Thomas in ons stappersgeledere.
Geluk aan Ani Kuronim met haar huwelik wat in Finland voltrek is. Geluk ook aan Austin met sy 80ste verjaarsdag en hy ontvang ook sy erelidmaatskap.
Die groot hoogtepunt van die jaar was die klub se viering van hul 21ste bestaansjaar. Om dit 'n groter feestelike geleentheid te maak, het ons ook Hennie Mouton se 80ste verjaarsdag gevier. Dit was 'n heerlike dag van lekker kuier by die pragtige Blue Whale resort.
Ons het vyf baie geslaagde naweekstappe gehad wat baie goed ondersteun is. Die rugsakstap na die wildekus was 'n groot avontuur en ook die oorlewingstog vanaf die Gamkapoort dam tot die Hel.
Daar is ook tydens 'n naweekstappie opknapwerk aan die Tierkop hut gedoen onder leiding van Hennie. Sarel het 'n naweek stokalleen by Campherskloof hut gekamp om voorraadopname te neem met Armin se hulp.
Met 'n komitee wat elkeen sy inset lewer, streef ons daarna om ''n jaarprogram daar te stel wat almal akkommodeer. Dankie ook vir elkeen se bydrae om hierdie uitgawe 'n sukses te maak

Annette



## DANKIE!

Op die rand van die Messum-krater in Damaraland het Herman in die 4x4 voor ons skielik stilgehou. "Kom kyk hier!" So 'n tien tree van die tweespoorpad af tussen die klippe staan daar 'n klein woestynplantjie – alleen in die barre woestynlandskap. "Ek ken hom al lankal. Hy wag al vir my met my waterbottel. En hy is so dankbaar. Oor 'n paar dae sal jy hom nie ken nie van die ou bietjie watertjies." Ons sou natuurlik nie weer 'n paar dae later daar kon wees nie. Maar ek glo vir Herman. Hy is 'n natuurmens wat lief is vir die Namib. Hy weet. En ja, die plantjie sal sy waardering vir die water sekerlik wys.

Vir groot dinge is 'n mens nogal maklik dankbaar. Maar jy kan die dankie sê vir die klein dingetjies langs jou pad nogal sommer so vergeet. Niks in die lewe is eintlik vanselfsprekend nie. Om te kan sien en hoor en beweeg en … noem maar op – al die wonderlike gawes van die lewe. Daarvoor kan ons, ons hemelse Vader mos nooit dankbaar genoeg wees nie. En ook vir die goeie dinge wat ons van ander mense kry – vriendskap en 'n glimlag en saam voel as dit die keer moeilik gaan …

Dis nie dat 'n mens vergeet om dankbaar te wees nie. Die vraag is eerder oor die tekens daarvan; om dit soos die woestynplantjie te wys op 'n manier waardeur jou eie lewe en die van ander om jou verryk sal word.

Pieter Potgieter

## DIE TOTSTANDKOMING VAN BERG-EN-DAL
(uit Opsaal No 2 1996)

Helma, wat toe by ons gebly het, het een aand gesê dat sy saam met 'n jong span onder leiding van Pietie le Roux, gaan stap. Annie en ekself het onmiddellik belang gestel en op 'n volgende uitstappie was ons by. Ons het eers die oggend om 10h00 vanaf die stasie na Kranshoek vertrek en die namiddag uitgestap. Sommige van die stappers het sloffies gedra, wat nou nie eintlik bevorderlik vir voetslaan was nie. Ons het verskeie kere saam met Pietie le Roux gestap waar ons toe ook vir Danie Visser ontmoet het. Ons verneem toe van die Outeniqua Voetslaanklub, met Elma Poole as die sekretaresse. Ons probeer toe lede van hierdie klub word en betaal ook ons ledegeld. Hierdie klub het slegs af en toe gestap en ons het slegs op een geleentheid saam met hulle gestap. Ons Moutons, Heynse, Danie Visser en andere begin toe meer dikwels op Saterdae stap. Kort hierna word ons deur die klub verwittig dat hulle nie meer nuwe lede aanvaar nie en dat slegs die oud-lede behoue sal bly vir die klub. Ons Saterdag stappery begin al meer momentum kry en meer en meer lede begin saam met ons te stap. Elna Cloete, die Van Walbeecks, Louis du Toit, wat van ons eerste bestuurslede was, word ook lojale stappers. Danie Visser stel voor dat ons, ons eie klub moet stig. Danie en ekself hou koukus en ek stel 'n grondwet vir 'n klub op. Die Outeniqua klub moes daarvan gehoor het en rig 'n ongevraagde brief aan ons om nie hulle klub se naam te gebruik nie. Op die 27 Julie .1986 hou ons 'n stigtersvergadering en ons klub word amptelik as Berg-en-Dal voetslaanklub gedoop. Hierna word daar tot nou, tien jaar later, ernstig gestap en duisende kilometers afgelê. Ekself het al 10691km vanaf die stigting gestap. Van die oorspronklike stigterslede is nog slegs die Heynse tans onaktief. Stella en Bokkie van Eyssen, Van Walbeecks, Moutons en Danie le Roux is nog lede. Dit kan aanvaar word dat ons klub sy ontstaan kan toeskryf aan Helma en Pietie le Roux wat die saad gesaai het.

Hennie Mouton

*'n Mens is soos 'n teesakkie*
*Jy weet nie hoe sterk jy is*
*Voordat jy in warm water*
*beland nie*




## DIE AANSTAP HEL TOE - TOER 23-25 April 2007-08-25

Sewe van ons het onder Sarel se leierskap het besluit om die opwindende adrenalien gevulde stap oor drie dae aan te pak. Vroegoggend het ons van De Waal en Hettie se huis vertrek. Ontbyt is later in die mooie Seweweeks poort genuttig terwyl die koue oggendlug na die kaal bene bly kap het.
So 'n paar kilometer anderkant die afdraai na die Gamkapoort dam is ons afgelaai en kon ons Bosluiskloof geniet terwyl ons die ±18 km afgestap het na die dam. Kameras het behoorlik oortyd gewerk.
Gamkapoort dam is in 1969 voltooi en daarmee saam het die roete na Calitzdorp wat die Gamka bewoners gebruik het onder die water verdwyn. Die bestaande grondpad is daarna aangelê as toegang tot die Hel.
'n Eksentrieke man genaamd Fox huur die dambouers huisies wat hy opknap en weer uitverhuur. Ons huisies het 'n pragtige uitsig oor die dam en watter heerlike soel aand was dit nie, met braaivleis en sterre wat ons een vir een kon pluk.
Fox is die volgende oggend met ons saam om twee groot swaar deure vir ons oop te sluit. So het ons toegang verkry om agter die damwal, verby bruisende water uit 'n sluis wat oop was te stap. Nou was ons op ons eie in die riviervallei met net water rotse en pragtige natuurskoon aan weerskante van ons. Maar gou begin ons harte vinniger klop want ons moet tweemaal met Jakob se Leer nie op nie maar af klim, selfs rugsakke is die tweede keer met 'n tou laat afsak. So 'n skrale halfuurtjie of wat later beduie Annie agtuur is agtuur en dis mos ontbyttyd. Dit vind plaas op 'n platterige klipplaat wat ek nou toepaslik as "Klipbank " wil doop. Met die aanstap later bereik ons "Die boog" wat 'n natuurlike boog hoog bo ons koppe in die berg is.




Met die wat die sluis oop was, was die watervlak in die rivier ook hoër as normaal. Gevolglik moes ons klim en klouter oor al die rotse heen. Daar was die kere wat die rotsblokke voor ons baie onvriendelik en ontoeganklik was. Die enigste uitweg was dan rivier oor. Verskeie insidente het daar plaasgevind, byvoorbeeld by "sonderbroekdraai" is Annette met my optelstok die water in en druk, druk het sy pad gevind al om die rotse heen.

dit was spanwerk. Mense kettings is gevorm, sakke is aangegee en waar die opklim anderkant te hoog was is handgegee en opgehys. Met 'n volgende keer het Sarel by "riempiespan" al met die klippe langs die anderkant van die rivier bereik, sy tou aan 'n boompie vasgemaak en sy weg teruggevind. Soos 'n soutpilaar het hy stewig en stil bly staan, terwyl ons een vir een voetjie vir voetjie, al met die toulangs oorgewerk het anderkant toe. Dan was daar die keer by "Moses-se Biesies" waar Sarel weereens beduie het waar ons die rivier moet in, en Hettie letterlik en figuurlik in diepe waters beland het. Die opsie is uitgegooi en 'n bietjie agtertoe het hy deur digte riete sy pad gevind, die water deurgesteek en soos 'n regte "samjoor"
Gesit en instruksies gee aan die uwe: "regs", "vorentoe",agtertoe,links, nee regs, regs, nou vorentoe. Wat 'n geveg was dit nie om deur die biesieland tot in die water en daardeur tot aan die anderkant te kom nie. Sjoe! En toe dreun die weer en val daardie groot druppels op ons. Ek en Anna gryp dadelik na poncho's haar gesiggie wys net mooi deur die hoedgedeelte toe 'n donderslag haar knieë net daar en dan laat knak het en sy dubbelvou oor haar rugsak – een swart bondeltjie mens. Dan kom lê die lag vlak in mens. Syself het so 'n giggellaggie laat hoor.



Nou was dit weereens klippe op en klippe af, tot ons by "boggelrug" rots kom. Dit was weereens spanwerk. Met die water langs jou moes ons onder die rots deur buk anderkant regop kom en dan die volgende rots uitklouter. Rugsakke het 'n trein gevorm soos hulle aangegee en aangevat is. Dan is dit maar weereens aan want ons moet in die Hel uitkom. Ons laaste struikelblok was by "Glyplaat" waar Annette oor die water gespring en amper tweede gekom het. Ek en Annie is laer af en kon met my optelstok 'n voetstut maak teen die skuinste van die rots en kon so veilig oorstap na die anderkant. Hennie het heelwat later daar aangekom en Annette se kangeroo-sprong herhaal. "Glyplaat" het egter sy naam gestand gehou so moes Hennie effe natter as tevore en met sy ego daarmee heen ook maar van my optelstok metode gebruik gemaak het.







Ten die tyd het die skaduwees al lang vingers begin maak en ons plan van aksie sou wees dat Annette uitstap na die kantoor van Natuurbewaring terwyl ek by Hennie en Annie sal bly om veral vir Annie te ondersteun en Sarel later deur Piet afgelos weer vir Hettie sal ondersteun. Annette kon gelukkig vir ons 'n geleentheid reël met 2 jongmanne wat aan 'n pypleiding gewerk het. Dit was nog 8km verder na slaapplek en Annatjie se kospotte toe. Na 11 ure se stap oor moeilike terrein teen ± 1km per uur wou almal net stort eet en slaap.
Die volgende oggend het die einste 2 manne ons aangery verby die kantoor tot by 'n hek, vanwaar ons met die grondpad langs so ± 7km aangestap het tot by die"Staircase", vandaar Zig-Zag mens die berg uit tot bo, om dan weer met 'n grondpad aan te stap tot by die hoofpad waar De Waal ons later opgepik het. Dit was 7 ½ se stap en ons was almal dankbaar om ons sit in die bakkie te kan kry vir 'n veilige terugrit huis toe.
Voorwaar 'n stap om te onthou.

Rose Kuyper







LOUTERWATER NAWEEK 22-24 Junie

12 Berg en Dallers is lus vir stap en kuier ......
so vertrek ons toe in verskillende voertuie op verskillende tye deur die pragtige Langkloof na die Louterwater Landgoed ± 160 km vanaf GEORGE.
Vrydagoggend so teen ± 10 vertrek 5 van ons Christina,Lina, Annette, Joey en ek met Christina se nou reeds bekende "Andy" .Ons ry kuier-kuier geniet tee en broodjies langs die pad en proe toe sommer ons teetyd versnaperings wat spesiaal vir Louterwater was, want niemand wou glo dat 'n suurlemoen "topping" op 'n suurlemoen koek nie verskriklik suur moet wees nie, die proe bewys toe die teendeel.



By Louterwater aangekom was Georgie, Jan en Eddie alreeds daar met Eddie se tentjie opgeslaan en Jan en Georgie besig met hulle 2de koffie in hut no.1. Armien en Doris het later by hulle ingetrek, Lina, Christina, Joey en ek beset toe hut no. 2. Annette , Linette en Wilna slaan hulle tente op, op 'n oulike beskutte plek net agter 'n oulike lapa wat vir twee aande se heerlike braai, lekker kuier en saamsing gesorg het.
Vrydagmiddag het ons gaan litte losmaak tussen die appelboorde, die appels was reeds afgeoes maar ons kry toestemming om ons self te help met soveel appels as wat ons wou hê. Mag ek net hier sê, ek het 'n hele dag by die huis gestaan en appels skil en voorberei. Groot houers vol met gestoofde versoete appels Kleiner houertjies met appels sonder suiker vir appelterte. Daar sal vorentoe nog 'n geleentheid kom waar ek julle met lekker Louterwater Appeltert gaan verras. Ek het agterna gehoor hoe vreeslik mededeelsaam almal met hulle appels was. Lina het glo so by die aftree oord uitgedeel dat sy net 4 vir haarself oorgehad het. So het Christina ook vreeslik genot daar uit geput toe die bouers by haar huis so lustig smul, maar laat ek vir julle 'n waarheid vertel- hulle was almal net te lui om die appels te verwerk.



Saterdagoggend het net 'n paar kans gesien om die Formosa Piek te gaan aanpak, hulle moes ongelukkig omdraai weens erge wind. Ons ander het 'n lekker 5km sirkelroete gaan stap en weereens sakke appels geoes. 'n Kersie op my koek was Christina se vernuf met die 4x4 roetes met "Andy". Lina, ek, sy en van die ander brawes moes op een stadium uitklim en padbou, maar wat 'n ondervinding.
Die naweek was gans te gou verby veral Joey sou nog baie wou stap, want sy het so uitgesien na die veld, maar ons maak binnekort weer so en Joey jou plek is sommer klaar bespreek. Baie, Baie dankie aan 'n ieder en 'n elk vir lekker saam kuier en goeie geselskap

Anna v Niekerk



MEI 2007 BERG en DAL WORD MONDIG

Groot opwinding heers!!! Dubbele lekkerte moet gereël word want Hennie word ook sommer so al stappende of liewers hardlopende 80 jaar oud, met vroulief "Popeye" kort op sy hakke. Wat 'n mylpaal!!
Een bymekaarkom na die ander vind plaas - almal gee goeie idees en ons kan eintlik heeljaar speeljaar. 2 Junie 2007 breek aan 'n volmaakte sonskyndag pragtig ingenestel tussen voorafgaande sneeu en bibberweer.

Carol



BERG en DAL STAP VAN PORT St JOHNS NA KOFFIEBAAI

Opgewonde vertrek ons om 5.30 die oggend uit George. Alles gaan goed tot by die berugte Wildekuspaaie. 'n Perd in die hoofstraat of taxi's wat voet in die hoek sit oor 'n dubbele sperstreep, is daar mos nie ongewoon nie. Na etlike noue ontkomings arriveer ons by die Bomvu Paradys, 'n jeugherberg. geleë waar die Bomvurivier by Koffiebaai in die see loop.
Die paradys benaming geld soos ons uitvind nie regtig vir sestigplussers soos ons nie. Ons slaapsaal is tussen die kuierplek en die kombuis. Halfelf die aand is daar 'n tromuitvoering, Vier vm. maak die *surfers* spek en eiers en bespreek die meriete van elke tromspeler. Halfvyf kondig die hoenderhaan in die tuin luid die koms van 'n nuwe dag in die paradys aan. Ons groep is nie juis beïndruk nie. Daar is nie baie geslaap nie.



Ons vertrek na Port St John's met die jeugherberg se deurleefde jeep Die sitplekke is hard en die Nederlanders onder ons kla van "houte bille". Nogtans groot dankbaarheid vir genade ontvang. Ons het gelukkig 'n versigtige bestuurder. In die rit van 200km sien ons drie ongelukke, een baie ernstig. Volgens plaaslikes wat weet, glad nie ongewoon nie.
Vanaand slaap ons in Amapondo Jeugherberg. Die atmosfeer is rustig en *laid back*. Ons stap en klim na die spuitgate by die strand en bestel kreef etes want dis die eerste dag van die kreefseisoen. Ons word genooi vir 'n uitstappie na 'n uitsigpunt die aand
Net die paar vasbyters onder ons het uiteindelik moed om die slegte paaie in 'n ou bakkie saam met omtrent vyftig jongelinge aan te durf. Die uitstappie behels volksvreemde elemente soos boomrokery, tromme en didgeri-doo's en selfs ons rebelle voel intens ongemaklik. Drie van hulle kry 'n opwindende geleentheid terug op die gruispad met 'n kroegman wat laat is vir sy diensbeurt, 'n enigsins *hair raising experience* volgens Annette. Wilma en Lynette moet wag vir later en kry 'n geleentheid in 'n sportmotor met twee manne,wat op pad is na Johannesburg, letterlik gestrand tussen die duiwel en die diep blou see. Eind goed alles goed. Ons geniet ons kreefete en ontmoet Jimmy, ons gids vir die volgende paar dae.
Ons eerste stapdag breek aan. Daar is pragtige vergesigte. Ons swem by Sugar loaf want dis warm, baie baie warm. By die hotel waar ons middagete op die stoep eet, drink ons al hulle yswater op. Die gaste is verbaas om ons te sien, effe uit konteks met ons geswete stapvoorkoms.
Die middag ontmoet ons, ons gasvrou vir die aand. Souflina is groot en gul. Sy verwelkom ons met warm seepwater en 'n skoon handdoek vir handewas. Aandete is 'n gekookte ete. Ons slaap rustig na 'n koue stort. Ontbyt is pap en vars potbrood buite op die gras.
Dis weer 'n baie warm dag en ons geniet die rivierkruisings waar ons heerlik swem. Selfs die beeste bring die dag op die strand deur. Nou en dan kry ons koue koeldrank by 'n spazawinkelkie. Iemand bring verfrissende maggeu waar ons onder 'n boom lê en herstel van die hitte en hoë humiditeitsvlak.
Ons gasvrou vanaand is Winifred. Ons het 'n pragtige uitsig oor die see en bring die middag op die strand deur. Daar is 'n aparte eetkamer en ons eet om 'n tafel, weer 'n heerlike gekookte ete. Weer koue storte en soos by elke oornagpunt 'n briljante spoeltoiletkontrepsie.



Dag drie stap ons deur die Hluleka Reservaat. Ons oornag by 'n stralende Gretha en arriveer daar saam met die reën. Die ablusiehut is 'n dagreis ver en ons glip en gly in die modder. Hennie val letterlik met die deur in die huis en Annette se ervaring op modderwalle wat meegee moet liewer gesensor word. Lenie en Wilma het ernstige meningsverskille oor parasolle wat in die reën paraplue word. Arme Lenie haal die afgeleë stort in 'n swartsak en 'n omgedopte paraplu'tjie. Eddy moet maar oë toehou vir die Hollandse ongeërgdheid. Aandete sonder elektrisiteit op 'n paraffienstofie en buitevuur arriveer om 4:45. Ons kry kans vir 'n lekker potjie boerebrug na ete.
Die volgende dag sous dit. Ons glip en gly voort soos 'n groep somber pikkewyne in ons poncho's. By die eerste rivier lyk die roeier nie baie bevoeg nie. Hy verloor dan ook sy roeispaan en ons hou asem op. Almal kom na drie ritte droogvoets anderkant. Die volgende rivier se roeier is meer bedrewe, maar vergeet om die boot se prop in te sit.
By Colin en Jan se *Backpackers* kry ons die aand 'n warm stort. Ons slaap op beddens op bakstene en bierkratte en word verwelkom deur 'n singende pop

en sy dansende eienares: "Welcome to 2000". Alles is gesellig ingerig met sagte speelgoed op die beddens blomme op die tafel en foto's teen die mure.
Ons word vars aandete belowe: "You get fresh farm chicken and to-night I cut for you". (Met vinger-teen-die-keel demonstrasie) Taamlik oorbluf sien ons tien minute later ons aandete met 'n laaste pleitende blik in ons rigting onder die arm van 'n helper verbygaan. Dan ontstellende geluide van geweld 'n hoendertjie aangedoen. Aandete het met 'n oomblik van stilte gepaardgegaan. En almal was skielik nie ewe honger nie. Jimmy kon nie verstaan waarom die hoender nie aftrek kry nie en het ons kom help daarmee. Sy stories saans was vermaaklik, insiggewend en soms ontboesemend.
Ons word wakker op Lynette se verjaardag met "Veels geluk ... " en 'n driegangontbyt: slappap en melk, dik Franse roosterbrood en boontjie-tamatie- en uiesous.
Ons laaste stapdag is heerlik koel. Soos elke vorige dag op en af oor groen heuwels, met vergesigte van pragtige strande, riviermondings en Pondohutte uitgesprei oor die landskap. Die mense is vriendelik maar kinders vra graag *sweets.* Dit lyk nie of daar veel aktiwiteit is nie. Die atmosfeer is rustig en vir die stadsbewoner idillies. Die staproete is nie so maklik as wat vertel is nie. Die pad loop heuwel op en heuwel af, ad infinitum. Daar is geen kontoer- of sigsag paaie nie. Soos die beeste en die plaaslike mense loop, so loop die voetslaner: op soos die kraai vlieg en af soos die kraai vlieg.
Ons kruis vandag die Mthatharivier. Baie besonders is die wortelmoerasbome wat hier groei. AI drie soorte wat in RSA gevind word, groei hier, die wit, rooi en swart *mangrove.* Die modder is seepglad en glibberig. Hennie neem sommer 'n volskaalse modderkuur vir die muskietbyte. net daar waar die bootjie hom in die modder aflaai. Ons sak weg tot by die knieë in die modder.
Twaalfuur stap ons uit by Koffiebaai, waarskynlik nader aan 70 km gestap as die onder sestig wat ons verwag het. Ons slaap by Hole-in-the-wall en geniet vir oulaas die pragtige natuurskoon van die Wildekus by hierdie asemrowende stukkie strand. Dankie stapvriende, vir 'n heerlike week in 'n ander wêreld.


Christina Smit



# DIE COLIN HOENDER SAGA



Die Berg-en-Dal Stappers op die 5 dae Wildekus Roete
Kort na ons aankoms by Colin se hutte, gesels hy en Annette. Wat gaan ons vanaand vir ete kry?' wil Annette weet. Hy wys haar met trots sy mielies, bone en spinasie in sy tuin. lekker vars, vars groente!' verseker hy haar. En wat kry ons vir vleis?' waag Annette verder.
'O heerlike vars plaas hoender Vars! Vars! Ek gaan netnou een vir julle sny - en hy trek sy vinger oor sy keel as illustrasie van wat op die arme hoender wag. Hoogs ontsteld besef Annette dit is ons hoender wat hy van praat - en nie een wat oor die volgende dae geëet gaan Word nie. Sy storm die hut in met die nuus! Ons kan ons ore nie glo nie! Dis amper tyd vir aandete en ons hoender loop nog rond! Terwyl almal nog wonder hoe om te reageer, stap 'n klonkie flink by ons hutdeur verby met In hoender styf onder sy blad. Die hoender swaai sy nek om en kyk terug na ons met 'n jammerlike beskuldigende blik asof hy soebat om genade. Nou is ons emosies deurmekaar en ons tonge los! Sal ons gou vir Colin gaan oorreed dat ons vegetariërs is en gladnie hoendervleis eet nie? Maar dan weer, is dit nie vir hulle soos die spreekwoordelike vetgemaakte kalf slag nie? En hoe kan ons hulle dan so beledig! Benoude hoender doodskrete weergalm skielik deur die lug! Lenie gil in Hollands: 'Hulle heft nou wel die hoender geslagtl' Te laat. Ons voel soos honde. Reaksies die volgende oomblikke wissel tussen totale disbelief, histerie en sprakeloosheid. Dit is voorwaar te laat en die hoender het geval. Twee uur later! Colin stuur Jimmy, ons gids, in om aan te kondig dat die ete gereed is. Ons pak speelkaarte weg en maak plegtig plek op die tafel. 'n Ongemaklike stilte hang in die lug. Trots dra Colin se dogter die potte in. Ons tel die eerste deksel op - en daar lê Ta, lang bene in die lug, heerlik voorberei met 'n sousie oor! Ons spekuleer hoe veel keer daardie lang bene hom van die byl gered het as hy hikers sien aankom! Niemand is honger nie en nog minder Lus vir hoender! Ons wil soos altyd 'dankie' sê vir die kos, maar weet nie mooi hoe om nou te bid nie! Almal observe toe maar In paar oomblikke van stilte ter nagedagtenis aan die gestorwe hoender .... Annie staan met




hande plegtig voor haar gevou .. Ons skep in stilte op en krap ons kos rond op ons borde. Groot moeite is gedoen en ons voel moreel verplig om dit te eet. .. ! En dit te geniet! Annette besluit sy sal maar spinasie eet. Die sand is egter nie uit die blare gespoel nie, en sy 'crunch crunch' daarop Skielik is alles net te snaaks en ons begin lag - eers proes-proes, toe al hoe harder, tot totale histerie! Ons kan nie ophou nie. Soiets het Berg-en-Dal nog nooit belewe nie!! Genadiglik kry sommige dit reg om soort van reg te laat geskiet aan die kos en ons krap die oorskiet bene gou op 'n hopie saam. Jimmy kom in en is ontsteld om te sien daar is nog goeie vleis aan meeste van die beentjies. Hy gryp een of twee stukke en kou heerlik daaraan. hoe kan ons sulke lekker kos mors?' Hy is reg. Ons is skuldig. Hierdie keer het ons saam met die hoender verloor.

Jeanette Kingwell

*Sodra jy siek is vir*
*jou siekte sal jy*
*ophou siek wees*
*Lao Tzu*

## *Hennie Mouton sê dankie vir sy verjaarsdag "behandeling"*


Die verblyf te Blue Whale en die onthaal was uitstaande. Ek waardeer die kaartjies en boodskappe opreg, dit pryk in my "kantoor" waar ek jaloers daaroor waak.
Groete
Hennie


Die Voorsitter en lede Berg-en-Dal Voetslaanklub.
WIL NET "BAIE BAIE DANKIE" VIR JULLE SÊ vir die spesiale behandeling wat ek as geskenk van julle almal ontvang het. →

## ONS STAP IN DIE VREEMDE

Ons was gelukkig om saam met ons kinders die Kimberleys van Wes Australië te ervaar Ek gaan probeer om slegs n paar hoogtepunte uit die verskeie roetes met julle te deel

**Broome**: met die ryke geskiedenis van die pêrelduikers se roete strek oor kilometers langs die see Ervaar n asemrowende sonsondergang met seilbote op die see wag vir die volmaan om op te kom om die "staircase to the moon" te bewonder Die maanskyn op n spieëlgladde see strek van die strand tot so ver as wat jou oog kan sien Dit laat jou stom van verwondering En dan die vuur op die strand en n heerlike vars vis wat pas *gevang* is op die kole

**Derby**: Kan jy glo woude *van* kremetartbome by die see Ons stap by een boom verby wat uitgehol is en as tronk gebruik was vir die veediewe So groot dat daar tot 20 mense in aangehou is Die groot en ek bedoel baie groot soutwater krokodille keer dat ons nie kan swem nie Met die boot gaan ons op n krapvang ekspedisie Dit was n ondervinding wat ons nooit sal vergeet nie Ons vang baie groot krappe en die aand kry ons 'n heerlike krap ete



**Lombadina**:Hierdie roete moet jy met laagwater by die riviermond wees Hier strek 'n plat rotsbank met groot poele omtrent een kilometer die see in Jy beleef die seelewe asof jy n diepseeduiker is Die see diere swem dig by jou verby in die skoonste helderste blou water Ons is gelukkig om die baie skaars giftigste "Blue ring "seekatjie wat net so groot soos n vuis word te sien Die diertjie is dodelik as sy tentakels om jou kom Die groot visse wat Giel en ons skoonseun hier vang sal enige visserman jaloers maak Weer braai ons vis op die kole en kan nie glo dat ons so n wonder wêreld van die see beleef het nie

**Gibb River Road**:Dis n regte Aboriginal avontuur Ons stap deur die digte boswêreld langs die rivier na pragtige watervalle met groot poele waarin ons heerlik kan afkoel slaap op n rotsbank langs die rivier kyk na sterre en die

maan en besef dis dieselfde maan en sterre wat ons ook hier in die Karoo so bekoor Een aand beleef ons n veld brand ---- gelukkig aan die anderkant van die rivier Dit was ongelooflik om die vlamme in die donker te sien Die vonke wat opskiet as *die* droë bome brand is sprokies mooi



Ek sou nog kon *vertel* van die kerkie by Beagle Bay ----die altaar is *in* 1918 deur "Pollotine Monks" met "mother of pearl" skulpe gebou Mens word stil en dank die Heer vir mense wat die Evangelie hier kom uitdra het en dit nog dieselfde Heer is wat ook ons en ons kinders; in die *vreemde,* met liefde seën.

Daar is nog baie om te vertel maar soos hulle se fluit fluit my storie is uit

Giel en Poekie le Roux



VINNIGE VARK FEITE

Bosvarke is hoofsaaklik naglewend en wroet vir ondergrondse wortelstokke, erdwurms en insekte. Hulle eet ook vrugte. Terwyl hulle kos soek sal lede van die troppie sagte bromgeluidjies maak om met mekaar kontak te hou.
Kleintjies word gebore van November tot Februarie. 'n Dragtige sog bou, diep in die bos, 'n reuse nes van 3 meter deursnee en een meter diep van bondels lang grasse wat sy versamel. Die nes isoleer die klein varkies van bo en onder van nattigheid en koue. Bosvarke is groeplewend - daar kan tot 12 varke saam boer. Die dominante beer beskerm die kleintjies tot op die ouderdom van 6 maande. Daarna word die kleintjies verwerp en moet hulle hul eie weg vind.



Louise van Ginkel

NATURE'S VALLEY

Nature's Valley is nou eenmaal 'n magiese plek en mooier kon dit ook nie gewees het tydens die naweek van 2 Februarie 2007 toe 18 Berg-en-Dallers opgewonde daar afgepak het nie. Die weer was perfek en boonop was dit volmaan .. *Die Pondok* het ideale verblyf verskaf. Dis 'n mega dubbelverdieping rondawel met genoeg kuierplekke en 'n buitebraai.
Vrydagmiddag het ons die Stinkhoutkloof roete gaan stap en daar is geskiedenis gemaak in die klub, De Waal het saamgestap en gemaklik die roete kafgedraf. Weliswaar met 'n paar blink kerkskoene aan! Daardie paar kerkskoene gaan nog plek maak vir 'n paar vastrappers. Die paadjie het deur pragtige inheemse woud gekronkel met geelhout groot en klein. Dick het langs een geelhoutboompie af gestreel en vertroostend opgemerk:
*Don't worry, old chap, one day you'll also be a big tree.* Waaraan Rose toegevoeg het, *Not in a hundredyears!*
Later het die wat nie water kan weerstaan nie, gaan afkoel in die see. Tot die genoegdoening van toeskouers het een van die dames so uitgelate soos 'n jong rob tussen die branders baljaar. Ek "hettie gesê wie dit wassie"!
Die saai naam, Soutrivier, kan nie naastenby die pragtige baaitjie beskryf waarheen ons die volgende oggend gestap het nie. Al langs die rotse, tot by die idilliese strandjie wat beelde van 'n tropiese eiland oproep. Die see was onweerstaanbaar vir die groep. Sommige het sommer met klere en al geswem. Na 'n rustige kuiertjie is die pad aangepak oor rûens oortrek met blommende Erikas en Proteas na Kalanderkloof. In hierdie kloof staan sekerlik die grootste en meeste geelhoutbome in die wêreld, Indrukwekkend. Die dames het ge-Oe en ge- A en die mans het , tipies man, hande gevat, 'n boom omsingel en statistiek begin uitwerk. Ses manne wat 'n kalander omsingel gee jou 'n omtrek van 7.5 meterradius 2 meter; kubieke inhoud ......
Beide aande is buite vleis gebraai in die soel somerlug en natuurlik aan een gestorie. Faan se storie is plotseling onderbreek deur 'n geritsel in die bos. 'n Reuse, bosvark het uit die donkerte opgedoem - lang hare wat wit en rooierig gestreep is. Bosvarke is skugter diere en word selde gesien en hierdie was 'n meneer van 'n beer. Kameras het aanhoudend geflits soos by 'n perskonferensie . Toe die volmaan in sy glorie



opkom is meeste af strand toe vir 'n magiese wandeling langs die in-lig-gebaaide strand. Wat 'n aand! By ons terugkoms moes ons hoor dat 5 bosvarke die kamp besoek het, wat natuurlik 'n spek skietery was. Of so het ons gedink totdat foto's die teendeel bewys het.
Sondagoggend het sommige weer gaan roei en ander die paadjie na Kalander hut ingeslaan - 'n koel wandeling deur inheemse woud. Digby die hut swenk die paadjie weg na Pig's Head. Dit is 'n kort maar steil klim na die kranse wat bokant die Grootrivier uittroon en 'n asemrowende blik bied op die strand en op Nature's Valley. Na die laaste paar 'slukke' van die :"fantastiese" tafereel moes ons daar af, want Robberg se hut het gewag vir 'n deel van die groep.



Was die naweek inspannend? Lam bene ? Die enigste wat 'n probleem kon gehad het, was Sonja wie se armspiere dit ontgeld het: sy het kort-kort met arms omhoog geloop en halleluja! Wat 'n geseënde naweek! Baie dankie aan Annette vir al haar insette!

Louise van Ginkel





VAT VYF VIR DINSDAGSTAPPE.
(uit Opsaal No 2 1996)

Op 28 Mei 1991 het die Dinsdagstap plaasgevind en Natalie, Joey, Magdaleen, Joan, Kitty, Stella en Tom Boshoff het die roete van Standerstraat na Kaaimansbrug gestap. Nou hoekom 'n Dinsdagstap. Kom ons hoor wat Lina se: "Man die eerste Saterdag wat ek saam met die groep gestap het, het ek gou agtergekom dat ek nie die pas sou volhou nie. Ek het daaraan gedink om op 'n Dinsdag 'n oefenlopie te maak. Ons moes 'n manspersoon betrek en ek noem Tom Boshoff se naam, maar baie se die "hardkoppige ou man" sal nooit belangstel nie - ek skraap my moed bymekaar en vra - en wat 'n pragtige positiewe entoesiastiese leier het ons gekry - en van toe af stap ons."



Kom ons kyk so bietjie na interessante statistieke - volgens oom Tom se dagboek:

| | |
|---|---|
| 1991: 27 stappe - ± 650 km - gemiddeld | 24km |
| 1992: 48 stappe - ± 703 km - gemiddeld | 14,6km |
| 1993: 46 stappe - ± 616 km - gemiddeld | 13,4km |
| 1994: 42 stappe - ± 521 km - gemiddeld | 12,4km |
| 1995: 44 stappe - ± 532 km - gemiddeld | 12km |

Die roetes wat gestap word wissel van kort, maklik tot kort en moeilik; lank, maklik tot lank en moeilik; gelyk stap en ook steiltes uitklim. Elkeen bly 'n uitdaging vir een en almal wat stap.

Nou hoekom sal 'n mens nou elke Dinsdag, jaar na jaar dieselfde roetes stap? Kom ons laat van die stappers hulle se se:
Magdaleen: Dis 'n heerlike stap - min ruskans. Die heerlike atmosfeer en kameraadskap beteken vir my so baie - dis sielslekker. Ek glo die Vader in die hemel glimlag oor die lieflikheid van die Dinsdagstappe. Meisie: Toe ons in George gekom het, was ek depressief, maar die wereld het vir my oopgegaan toe ek by die Dinsdagstapgroep aangesluit het. Elkeen van die stappers is so spesiaal. Dis 'n groot voorreg. Hennie: "Nee man, om fiks

te word en vir die goeie geselskap."
Annie: Omdat ek hou van die oefening en dis lekker oefening. Elke stap, al is dit 'n ou roete lewer iets anders op en al stap ons die roete oor en oor - ek kompeteer met myself om elke keer beter te stap. Gys: Dinsdagstap is lekker geselskap waar vriendskapsbande gesmee word. Hier hoor jy van nuwe wonderprodukte by Pick 'n Pay of winskope by Checkers of "dit is al November - koop **jul'** kruideniersware nou voor die koms van die Transvalers" - en lesbes "het jy gehoor van die seldery-en-wortel vir pyne in die rug?"
Coleen: Stap is vir my 'n terapie; dis my stokperdjie -ons gesels so lekker en die bene en kake kry oefening. Giel: Dinsdagstap, soos enige ander stap, is 'n belewenis. Dit is 'n lekkerte wat mens nie in woorde kan stel nie - het jy al die loerie bo jou sien vlieg en die stilte van die varingwoud aangevoel? - dis 'n stukkie van die hemel. Het jy al op jou maag gele en water uit die bergstroompie gedrink, het jy al die berg se weerkaatsing in die dam gesien, het jy al by die ou dorpsdam in die berg gestaan en na sy wal gekyk, het jy al oor die stam van 'n boom gestreel en die ouderdom gevoel, het jy al bo in die berg 'n George-lelie in al sy glorie gesien en besef dis God se blomtuin, het jy al tussen die heide gestaan, tussen die watsonias, tussen proteas, het jy al kaalvoet deur water gestap, het jy al die misreen op jou gesig gevoel? - dit is die lekkerte waarvan ek praat en dit is 'n Dinsdagstap. Oom Tom: Natuurlik word daar baie grappies vertel, resepte uitgeruil, hartseer gedeel, vreugde ervaar en stories vertel. So 'n storie is die storie van Coleen se bok: Haar huishulp, kom ons noem haar maar Maria, vra 'n bok vir een of ander ritueel wat hulle het. Coleen se skoonseun sou die bok van Willowmore bring -dis nou nie sommer so 'n bok nie, nee 'n mooi angorabok. Toe Maria nie die Sondag opdaag om die bok te haal nie, word die bok in "n buitekamer toegemaak vir die nag. Die Maandagoggend laat Coleen die bokkie uitkom, want sien, die grasperk is so mooi groen en die bokkie moet darem mos eet. Maar bok se kind laat hom nie keer nie en net soos 'n bok maar kan, klouter hy oor die muur en vat die pad met 'n spoed. Coleen en haar dogter is agter die bok aan, deur die rivier en in die bos, maar van bok se kind is daar geen spoor nie en so is Maria haar bok kwyt.
Dinsdagstappers was altyd op die uitkyk vir die bok -glo een keer weer gesien. Die bok is tot vandag toe nog soek - miskien was dit die bok wat in Blanco aan 'n tou gesien is. In ons verbeelding sien ons vir Coleen, vroeg in die oggend, agter 'n bok aan hoi.
'n Dinsdag sonder 'n stap 'is nie 'n Dinsdag nie. 'n Rus langs die pad sonder 'n rosyntjie is nie 'n rus nie. En 'n stap sonder Lina en oom Tom is nie 'n stap nie. 'n Stapper sonder 'n dankgebed teenoor die Skepper is nie 'n stapper nie.
VAT VYF VIR 'n DINSDAGSTAP.



Naskrif: Die Dinsdagstappe het ongeveer in Januarie 1991 in aanvang geneem. Die eerste deelnemers was Lina Aucamp, Joey Kruger, Magdaleen Booysen, Natalie Dorman, Susanne Theron en Tom Boshoff. Hulle word beskou as die veterane van die Dinsdagstappe

Poekie le Roux



TIERKOP 7 – 9 September 2007

Vrydag 7 September het 14 stappers en De Waal met wiele langs verskillende roetes by die hut opgedaag. Hennie en Faan en later Armin, de Waal, Sarel en Barry het elk met eie ingenieursvernuf die water sisteem en ander gebreke herstel. As gevolg van 'n tekort aan matrasse is daar kermisbed in die kombuis gemaak. Met spoeltoilet, koue stort en sonpanele wat lig gee het ons luuks gebly.
Saterdag is daar met kapmesse opgeruk in die rigting van Kranskop, maar daar is nie veel gekap nie. Een span het die paadjie na die Kaaimans herontdek en by die oorhangrots eers tee gemaak. Omring deur bergpieke, heide, restios en speldekussings is mens dankbaar vir die voorreg om deel hiervan te wees. Die aand is lekker geëet, gesing, geskerts en George se liggies bewonder.
Weereens 'n heerlike naweek op ons eie voorstoep.

Annette



Namens al die Berg en Dal lede sowel as die hele Bestuurspan net hierdie paar woorde:
Annette jy moet weet hoe ons al jou baie opoffering baie, baie ure en baie beplanning waardeer-veral tussen jou vele verpligtings met jou huisbouery deur.jy is vir ons 'n stewige rots en jy word baie waardeer.
Dankie



## JONGENSFONTEIN - 20 - 22 April 2007

So vertrek ons vroegmôre op Vrydag en ontmoet die Van Walbeeks en Moutons op Stilbaai. Ons is laat vir die argeoloog en by die Info ontmoet ons Reon Meij - 'n afspraak wat Christina vir ons gereël het. 'n Interessante praatjie oor Blombosgrot-navorsing volg en daarna sien ons darem een paling wat uit die fontein uit die skuiling gelok is met 'n stukkie hoenderlewer. Ons hoor ook van visvyvers en dit sou ons by die see gaan sien. Ons ry na die hawe en ontmoet daar vir prof. Janet. Sy is eintlik 'n professor in musiek maar ook 'n botanis. 'n Pragtige wandelpad deur fynbos en melkhoutbome. Ons stap terug nadat ons die visvyvers gesien het. Ons eet middagete by die parkeerterrein met 'n uitsig op die mooi hawe van Stilbaai Ons ry weer Info toe om die video te sien van die argeologiese navorsing by Blombos. Vandaar na Jongensfontein waar ons by die karavaanpark se chalets tuisgegaan het. Nadat almal geskrop het vir 'n lêplek het ons gebraai en ses flinkes het nog kaart gespeel - boerebrug.
Saterdagmôre het ons almal om halfnege die wandelpad begin stap na Stilbaai, al langs die see tot by die visvyvers. Na 'n staptog van 18 km 'n verfrissende stap - stap ons na Lynette se familie se strandhuis. Terug by die kamp staan die vure weer hoog terwyl party 'n balspel speel. Die manne braai baie voortreflik en ons smul aan ons aandete. Dan word die sing-saam-bundels uitgehaal en ons sing en wieg en Lenie val in die proses saam met haar stoel die bult af - gelukkig geen enorme beserings, net 'n stukkende wynglas en 'n seer pinkie. Bert leer 'n paar kaart entoesiaste om Klawerjas te speel. Sondag kom groet die Van Walbeeks en Moutons en hulle ry vroeg terug George toe. Ons gaan stap die Blombos-roete tot naby die grot. Ons groet Daan en Carol en ons stap terug om alles in te pak vir die terugtog. Dit was 'n interessante naweek en erg leersaam met pret tussendeur. Ons vat die binnepaaie terug en ry al langs die kus verby Gouritz en Vleesbaai draai ons na die nasionale pad.



Baie dankie aan almal wat die naweek so genotvol gemaak het.
Wilma



## DIE STAPPER LENIE De HAAN

Dit moes die einde 1985 of vroeg1986 gewees het, Annie en ekself was toe nog die enigste seniors wat saam met Pietie le Roux se kerkgroep gestap het, toe 'n Hollandse dame en haar vriendin by ons te George stasie aangesluit het. Ons het die Oudtshoorntrein na Topping gehaal. Pietie druk ons dit op die hart dat ons vinnig moes uitklim as die trein stop, daar dit slegs 'n paar oomblikke sou stilhou. Ons spring uit die trein toe die trein stop en het skaars grond gevat toe die trein weer wegtrek. Nadat die trein vertrek het stel Pietie toe vas dat die Hollandse dame en haar vriendin nog op die trein was. 'n Jong seun sê hy sal na Campher stasie hardloop om hulle te kry (Die knaap kon glo die berg kaalvoet uithardloop) Hulle sluit toe later by ons aan ek ontmoet toe die Hollandse dame Lenie de Haan. Ons gesprekvoering was moeilik daar ek haar nie altyd mooi kon verstaan nie, maar dit het nie ons stapverhouding belemmer nie



29 Sept. 1987 stap ons die eerste keer saam met rugsakke op die Zebrapark roete. Dit was koud in die berge maar dit het niks aan haar entoesiasme gedoen nie. Dit in hier waar sy gly en op haar rug beland en sy Sonja se ondersteuning as volg vra. Sonja ek het geval maar "niet seergekry". Sy het minstens 21 keer saam met ons pak gedra, dit mag ook meer wees. Lenie het selfs die Drakensberge vanaf Mahai na Cathedralpiek Hotel gedoen, 'n moeilike stap wat vasbyt vra. Vanjaar het sy weer die Wildekus . saam met ons gestap, wat bewys dat sy nie van plan is om tou op te gooi nie.
Sy is en bly een van ons getroue stappers die afgelope 21 jaar en ek wens haar nog vele kilometers toe.

Hennie Mouton

## GEDIG OOR LENIE DE HAAN

Gun my die geleentheid om een en ander te vertel,
Oor Leny de Haan se wee en wel
Gebore en opgegroei in die kleine Holland
Het sy Luit ontmoet in die berge van Switserland.
Al skieend het hulle aan die praat gegaan,
na verloop van tyd was dit met Lenie se vryheid gedaan.
Hulle woon toen saam 'n tyd in die Limburgse sand,
maar Luit se gedagte gaan tog na 'n groter land.
Saam het hulle toe terug na Suid-Afrika gegaan,
en Leny sluit toe al gou by "Berg en Dal" stapgroep aan.
'n Dappere stapper is Leny sowaar,
geen kans laat sy voorbygaan, Leny is daar!!!
Luit het haar ongelukkig 'n paar jaar gelede ontval
en Leny moet nou haar weg alleen verder bepaal
Maar sy doen dit met dappere moed,
met veel enthousiasme,by alles wat se doet
Dan gaan sy weer met vriende mee
en fiets in Duitsland rond die Bodensee.
So sê Leny selde vir dinge "NEE"
Want as dit by stap kom,gaan sy mee!!!
Leny ons hoop dat jy dit nog veel jare kan doen,
jy is 'n staatmaker NOU, maar ook van TOEN!!!



## <u>MY DROOM 2 JUNI 2007</u>

Wat my nog nooit eerder het oorgekom
is dat ek van die 21 jarige feest het gaan droom
Dit was naar aanleiding van 'n besonder besluit
Daarom spreek ek hier my droom nu uit.

So het ANNETTE ERLANK heel opgewonden met die voorstel gekom
om almal gesamentlik naar hierdie fees toe te kom.
So kom die groep baie keer by mekaar om die saak goed te bespreek,
dit wordt van alle kante goed bekyk, want uiteindelik is ons almal maar 'n leek



Die eerste punt is hoe moet ons almal gelyktydig by die BLUE WHALE RESORT arriveer?
Daar het ons lank by stilgestaan en almal het daar hevig oor geprakkeseer,
de een wil per motor, de ander per fiets en nog een per trein,
en LENY DE HAAN vind het per bus ook wel fyn.

Voor ure en ure is daar oor gepraat,
maar kon maar net nie besluit en oorgaan tot 'n daad.
Totdat SALOMIE VAN WYK opeens een heel blink gedagte kry
en 'n luid "Hoera" alle verder besprekings uitsny.

"Met een vliegtuig" roep SALOMIE met een reuse gil,
alle aanwesige lede wordt toen ineens tjoepstil
Want dit is tog wel heel wat,
somaar die lug in of daar geen gevaar in sat.

Met een vliegtuig roep GIEL LE ROUX helder en luit
en almal se ore het toen voor een oomblik getuit.
Met een ystervoël sowaar door die lug,
"O toggie, nie ek nie" roep POEKIE s'n vrou met 'n sug.

So juis kom CHRISTIEN LOMBARD by die toilet vandaan.
"Wat sê julle?? met een vliegtuig wat daarheen sal gaan,
by die huis durf ek nog nie op 'n stoel te gaan staan,
en nou sou ek sowaar deur die lugruim moet gaan"??

OOM HENDRIK het eers ook talle besware genoem,
maar besluit tog uiteindelik, so wordt ons beroemd, dit gaan ons doen.
Daardie aand is daar nog lank en breed oor beraad,
dit wordt tog 'n hele onderneming en daar is lank oor gepraat

Maar een ding kan ek U met vrymoedigheid verklap,
om so 'n reis te onderneem is duur en sowaar geen grap,
maar OOSIE OOSTHUISEN praat heel spontaan, geen probleem, al kost dit meer as normaal
ek staan daarvoor in en sal die grootste helfte betaal.
PIET VAN DER VEER is nou oorsee, maar hy het laat weet, hy betaal een derde, en ons die res,
so voel almal tevree en stem saam, ons doen almal ons bes.

Alleen FAAN STRAUSS skud voortdurend meewarig sy kop
het 'n mens ooit soiets dwaas gesien,dat steek hom dwars in die krop

SARIE LESSING belas toe elkeen van die lede,
voor een of andere taak van die werksaamhede
so besluit ons toe almal eensgesind om gesamentlik die vliegmasjien te huur,
maar weer een groot probleem, wie moet dat ding bestuur??

Maar OOM HENDRIK red ons toe alweer gauw uit die nood,
hy is nou wel nie die jongste in die groep,maar hy bied sig toe aan as piloot.
Wat sê ANNIE SY VROU, o nee tog ek voel ek wordt flou,
se nou net hy kan het nie goed sien nie en vlieg teen 'n hoe gebou.

Maar OOM HENDRIK se heel rustig en bedaard
as julle, julle kalmte maar bewaard,
dan stuur ek met gemak die grote vliegmasjien,
presies tot by BLUE WHALE RESORT, dat sal je sien!!!

SAREL VOLKWYN wordt eenstemmig aangestel as mechanic,
dit is goed voor veilig verkeer, dan hoef ons nie te panic,
hy moet na die enjin kyk en ook die snelheid bepaal,
hy moet ook briek aandraai as OOM HENDRIK te vinnig wil gaan daal.

JAN KRITSINGER bied sig toe aan as telegrafist,dit was sy besluit,
hy kan dan lekker praat en kom dan voor in die kajuit.
WILNA ALBERTYN en JANSIE KRAAY moet al die ruite mooi was
en LINA AUCKAMP sal alle kindertjies mooi oppas.

SALOMIE van WYK Lyk naar een heel goeie lugwaardin,
sy sal sorg dat ieder het goed het, en naar sy sin
al sal ons ook hoe swaai of swenk
sy sal steeds die glasies vol wyn of koeldrank skenk.

Selfs OOSIE OOSTHUISEN begin nou ook opgewonde te raak en is baie opgewonde
want hy het voor hom een baie mooi sitplekkie gevonde.
JOEY KRUGER stel voor, sy sal die skottelgoed mooi was
en WILMA van BOCHHOVEN sal die ouwe manne wat voorlees, as hulle sit in sak en as



SATERDAGOGGEND 2 JUNI is ons almal vroeg daar, as ons moet vertrek,
sodat ons op tyd by die herdenking kan wees en geen tyd hoef te rek.
Maar wat 'n organisasie gaat daar aan so 'n vertrek vooraf,
as je soiets meemaak sta je gewoon paf
SONJA v WALBEEK kom toe nog met een blik botterkoekies aandra,
en DE WAAL ESTERHUIZEN met sterke drank in een kruiwa!!

Maar ... die belangstelling het so toegeneem die laaste tyd,
om almal in die vliegtuig te kry word nou een hele stryd
Ons het daarom al die hele grootste uitgesoek
want iedereen wil lekker sit en liefs nie in een hoek.

ieder moet nu voor hem of haar maar 'n plekkie opsoek,
alles wat saamgebring is word gestopt in een hoek.
Almal was opgewonde, luidrugtig, vol pret en lol
maar toen de helft van de gaste binne was, was die vliegtuig vol.
Dit was voor jou tog wet een hele grote grap
maar dit was NELLIS OOSTHUIZEN die daar raad op had
hy was bereid om sy plekkie af te staan voor een extra stuk tert
en hy gaan sit met sy vrou GERDA op die stert.
Op de linkervleuel sit GYS VERWEY en sy vrou ELSIE aan sy sy,
HENDRIK EN SUS VOSTER kruip daar toen ook nog by.
KITTY EN AUSTIN WILLAMS was daardeur so bly verras,
en kruip toe op die regtervleuel, omdat dit aan die andere kant so winderig was.
Maar uiteindelik na veel georganiseer het die oomblik gekom
dat die masjien na die aanloop baan kan brom.
En sowaar die enjin begin nou lekker te draai en kry nou mooi vaart,
maar daar kom as laaste CHRISTIEN SMIT nog aan,
sy wordt met een katrol opgehys en sit somaar op die staart.
BARRY EN LOUIS VAN GINKEL moet nu ook hun sit plek ontbeer
en staan toe ook agter by die stert by die flikkerliggie te balanseer.
En so gaan ons onder davered geluid
die mooi lughawe van George toe uit.
Maar die aanloop baan is ook nie so erg lang
Dus onse piloot HENDRIK trek toe weg met 'n vreselike gang,
Mechanic SAREL skrik toe so door dat geweld en roep "pas op de mist"
En klap toe met alle mag die landingsgestel teen die kist.
SAREL het so vreselik hard aan die wiele getrek,
Daar het een wiel afgebreek,dat kon je goed merk.

Onse telegrafist JAN KRITSINGER sein toe die ramp na die kajuit,
Maar OOM HENDRIK sê kalm, geen probleem, ek land wel op mijn buik.
Die ene enjin begin toe een beetje skommel,
Want SAREL sit daar sowaar met een breekyster in te rommel,
Die enjin stop toe en OOM HENDRIK laat die vliegtuig swenk,
Het sein voor SALOMIE,onse stewardess en sy begin toe drankies te skenk
Maar ons vlieg toe eers rigting WILDERNIS en later weer naar MOSSELBAAI
Want ons moet PIETER EN DIANNE POTGIETER in WILDERNIS gaan oplaai.
Toen ons weer terug oor GEORGE vlieg, moes ons 'n oomblik daal
Om CARLIN en ALLEN SMUTS nog op te haal.
Hulle is in die week so druk met dakke op te set
Dus Saterdags kry jij hulle nie vroeg uit bed
Voor hun het ons toen geen plaats meer gevind
En hun toe maar bo op die vliegtuig goed vast gebind.
En so wordt deur piloot HENDRIK mooi opgelet
En sonder ongelukken onse reis weer voortgeset
HETTIE ESTERHUYSE gaan toe rond met n blik vol tert
En LENNETTE POOLMAN gaan met 'n pan sop naar die stert
Almal op die vleuel het toen ook iets lekkers gekry,
Gemaak deur ANNA van NIEKERK, sy Is 'n baasbakster,dat kan niemand bestry
DICK KUYPER raak nou baie nuuskierig en steek sy hoof deur die ruiten,
Hy wil graag sien hoe Iyk sy tuin en of daar diertjes zyn buiten,
Maar ag ... door die wind, dat kan 'n mens nou verstaan,
Is dit nou vir altyd met z'n petje gedaan
Nou vervolg ons onse reis lekker rustig en stil,
Maar plotseling roep ERHARD BENSCH met 'n vreselike gil,
Hy roep na die kajuit,sak asseblief met die masjien
En kyk of ek my huis en tuintje kan sien
Skielik begin die vliegtuig nou hewig te skud,
Dat laat TANNIE LENIE HEYNS uit haar middagslapie ruk.
Langsaam daal nu die vliegtuig soals het moet
Presies voor die BLEU WHALE RESORT, ek sie het nog goed.
Onse stewardes SALOMIE help nou die mense met uitstap
Toen het ek wakker geword en kan jou van die fees niks verklap.

Bert van Walbeek.



Tydens die FEES




























Hierdie foto is by 'n vorige geleentheid van ons eerste dames stappers geneem



# Erkennings

Die naam van die skrywer word onderaan elke artikel geplaas, ons dank aan hulle.

Foto's is verskaf deur: Pieter Potgieter, Annette Erlank, Poekie le Roux, Christina Smit, Rose Kuyper en wie was dit nou weer, ag ek het nou vergeet jammer dankie aan u ook.

Die voorblad is spesiaal deur Loyd Joynt vir ons gedoen

Dankie ook aan ons versamelaars en keurders, Anna en Carol vir hulle reuse bydrae.

Ons het dit goed gedink om met hierdie feesuitgawe uittreksels uit 'n vorige uitgawe waar die ontstaan van ons klub en die stappe verduidelik word ook te plaas.

Die voorblad is na aanleiding van 'n droom wat Bert gehad het, hy moes seker 'n week aanmekaar gedroom het want dit was 'n lang droom.

Aan al ons voetslaanvriende, was dit nie vir julle was hierdie boekie nie nodig.

Al wat dus nog oorbly is my wens van lees dit en geniet dit.

Hendrik